Die Gevoelens is ‘n storie oor Mnr. Berg se reis deur verskillende emosies, net soos hoe kinders soms verward of onseker oor hul eie gevoelens is. Hierdie storie help kinders om bewus te wees van hulle emosies en te kan noem. Met liefde, ondersteuning en vriendelikheid leer kinders hoe om hul emosies te beheer.

Created for Development Workshop Namibia
2024

Developed with support of

Schweizerische Eidgenossenschaft
Confédération suisse
Confederazione Svizzera
Confederaziun svizra
Embassy of Switzerland in South Africa, Botswana
Eswatini, Lesotho, Mauritius and Namibia

make the connection mtc

INTER TEAM

ISBN 978-99945-903-2-2

DW DEVELOPMENT WORKSHOP CHILDREN

DIE GEVOELENS



Geskryf deur Hilma Weber
Geillustreer deur Elizabeth Kopf

Die Gevoelens

Geskryf deur Hilma Weber
Geillustreer deur Elizabeth Kopf

All rights reserved.

No part of this publication may be reproduced, stored in a retrieval system or transmitted in any form or by any means electronic, mechanical, photocopying, recording or otherwise, without prior written permission from the publisher.

First published in 2024 by Development Workshop Namibia
161 Mandume Ndemufayo Avenue, Windhoek
PO Box 40723, Ausspannplatz
Windhoek, Namibia

Website: www.dw-namibia.org

ISBN: 978-99945-903-2-2

Author: Hilma Weber
Illustrations: Elizabeth Kopf
Layout and design: Elizabeth Kopf

Printed in Windhoek, Namibia

Iewers in ’n woestyn het Mnr. Berg gewoon.
Weens goeie reënval het bosse en gras op Mnr. Berg gegroei.

Hulle was sy vriende.

Die bosse en gras het vir Mnr. Berg beskerm
teen die harde son en sterk winde.

Mnr. Berg het iets binne-in sy groot ronde lyf gevoel.

Hy het gelukkig en geliefd gevoel.



Die volgende seisoen het daar nie baie reën gekom nie.
Wat gaan met my vriende, die bosse en die gras, gebeur? het Mnr. Berg gewonder.

Hy het begin voel hoe dinge rondvlieg in sy groot ronde lyf.
Dit het soos skoenlappers gevoel wat oral binne-in sy groot ronde lyf vlieg.

Hy het senuweeagtig en bekommerd gevoel.

Nog ’n seisoen het gekom en hierdie keer was daar nog minder reën.
Dit raak regtig ’n groot probleem. Wat gaan met my vriende, die bosse en die gras, gebeur? het Mnr. Berg by homself gedink.

Binne-in sy groot ronde lyf het hy swaar en so hard soos ’n rots begin voel.
Al die sagte los sand in hom het hard geword en niks het beweeg nie.

Hy het bang gevoel.

Mnr. Berg het gehoop dat daar nog goeie reën sou kom.

Maar hierdie keer het daar glad nie reën gekom nie.
Die bosse en gras was heeltemal uitgedroog.

Niemand het hom meer omring nie.



Niemand het hom meer beskerm teen die harde warm son en die wind nie.

Hoekom het die reën nie gekom nie? Al my vriende is weg! het Mnr. Berg uitgeroep.

Mnr. Berg het begin voel hoe warm dit binne-in sy groot ronde lyf raak.
Dit het gevoel of daar ’n vuur binne-in hom brand.



Toe het hy ontplof… bufuuuuu…
groot vlamme van vuur en rook
het uit sy groot ronde lyf gekom.

Hy was kwaad.

Mnr. Berg was hartseer. Hy het gehuil.
Hy het alleen en hulpeloos gevoel.



Hy het iemand nodig gehad om hom te troos.

Die koning en die koningin van die oerwoud was was versorgend en oplettend.

Hulle het opgemerk dat Mnr. Berg iemand nodig gehad het.

Moenie bekommerd wees nie Mnr. Berg, alles sal regkom.
Jy is nie alleen nie. Ons is hier by jou. Ons sal jou beskerm.
Wanneer die reën weer kom, sal al jou vriende vinnig terug wees, het die Koning en die Koningin gesê.

Met die sorg en vriendelikheid van die Koningin en die Koning,
het Mnr. Berg ’n groot asemteug ingeneem.

Die lug het sy groot ronde lyf gevul...
Met een lang blaas het hy die asem uit sy
groot ronde lyf uitgeblaas.



Hy het lig en kalm gevoel.
Hy was weer gelukkig.

DIE EINDE.

Oor die skrywer

Hilma Weber is in ’n dorpie in die noorde van Namibië gebore en getoë. Haar vroeë loopbaan was in die korporatiewe toerisme sektor waar sy ’n senior bestuursposisie beklee het.

Haar passie vir vroeë kindergeletterdheid is aangevuur deur die gebrek aan boeke in haar eie kinderjare en dit was eers in haar vroeë professionele loopbaan dat sy die plesier en rykdom van boeklees ontdek het. Namibië is ’n baie ongelyke samelewing, en sy het nog altyd die begeerte gehad om haar deel te doen om die lewens van minderbevoorregtes, veral kinders, te verbeter.

In 2019 het Hilma ‘n Vroeë Kinderontwikkelingsprogram vir DWN getiteld ‘Play for All’ begin. Sy het begin deur bokse vol geskenkte kinderboeke aan kleuterskole in informele nedersettings te versprei en tyd deur te bring om vir die kinders te lees.

Dit was hierdie interaksies en haar eie jeug wat haar aangespoor het om kinderboeke te begin skryf. Duisende eksemplare van haar boeke is gratis aan kinders regoor Namibië versprei.

Oor die illustreerder

Elizabeth Kopf het aan Namibië se kus grootgeword en dit is hier waar sy geleer het om haar eie klein wêrelde deur tekeninge te skep. Sy het verder gaan studeer in animasie vir film en televisie, maar het uiteindelik gevestig in ’n loopbaan van grafiese ontwerp, illustrasie en kunsonderrig.

Haar liefde vir visuele storievertelling en die vermoë van hierdie medium om die verbeelding van soveel kinders aan te wakker, het daartoe gelei dat sy verskeie kinderboeke in Namibië en in die buiteland geïllustreer het.